GESKIEDENIS

(VRAESTEL 1)

BYLAE

JUNIE 2008

onderwys

Wes-Kaap Onderwysdepartement

NASIONALE STRATEGIE VIR LEERDER PRESTASIE

SENIOR SERTIFIKAAT

JUNIE-EKSAMEN – 2008
JUNE EXAMINATION - 2008

BYLAE / ANNEXURE

Hierdie memo bestaan uit 13ladsye.
This question paper consists of 13 pages.

Vraag 1:

Hoe het Rusland se besetting van Oos-Europa bygedra het tot die spanning tussen die Westerse moondhede en kommunistiese Rusland na die Tweede Wêreldoorlog.

Bron 1A

'n Uittreksel uit 'n toespraak gelewer deur Winston Churchill, Britse Eerste Minister, Maart 1946, Fulton, VSA.

'n Skaduwee het geval op die tonele wat onlangs verlig was deur die oorwinning van die Geallieerde Magte. Niemand weet wat Sowjet-Rusland en sy Internasionale Kommunistiese organisasie beplan om in die nabye toekoms te doen nie, en of daar enige beperkings op hul uitbreidingsneigings is. Van Stettin, in die Baltiese See, tot Trieste, in die Adriantiese See, het 'n ystergorden oor die kontinent geval.

Versteek agter daardie lyn lê al die antieke hoofstede van Sentraal en Oos-Europa, in, wat ek moet noem die Sowjet-kring…kommunistiese spioeniasie netwerke word ingestel en van hulle word algehele samehorigheid en diens verwag in gevolge die instruksies wat hulle van die kommunistiese kern ontvang. Die Kommunistiese Partye, wat baie klein was in hierdie oostelike state van Europa, se mag is nou verhewe bo hul fisiese getalle. Polisie-state oorheers nou in byna elke geval. Dit is beslis nie die vrye Europa waaroor ons geveg het nie.

Source: www.johndclare.net

Bron 1B

'n Uitreksel uit Stalin se antwoord op Churchill se toespraak in 1946.

Mnr. Churchill neem nou die standpunt van die oorlogsvoerders in, en hy is nie alleen nie. Hy het vriende, nie net in Brittanje nie, maar ook die Verenigde State. Die volgende gebeure moet nie vergeet word nie. Die Duitsers het Rusland ingeval deur Finland, Pole, Romanie, Bulgarye en Hongarye….regerings wat vyandig gesind teenoor Rusland was. As gevolg van die Duitste inval het die Sowjet-Unie verloor in sy geveg teen die Duitsers. Met ander woorde die Sowjet-Unie se verlies van lewens was soveel groter as die van Brittanje en die Verenigde State saamgevoeg. En wat kan so verbasend wees omtrent die feit dat die Sowjet-Unie, wat net na sy toekomstige veiligheid wou omsien, dit daarstel dat regerings lojaal aan die Sowjet-Unie, ingestel word in daardie lande? Hoe kan enigeen wat nie by sy volle positiewe is nie, hierdie soeke na vrede van die Sowjet-Unie- sien as 'n begeerte na uitbreiding ?

Bron 1C

In hierdie Amerikaanse spotprent van 1946, word die dief, gemerk Russia (Rusland), gevang met ŉ sak gemerk: " territorial grabs" (terrotoriale vangste). Hy word gehelp deur Stalin, wat soos ŉ polisieman aangetrek is en ŉ knopkierie in sy hand hou. Polisieman Truman, van die "Wêreldliga – Poliesistasie" is te laat om hom te stop.

Bron: www.johndclare.net

Vraag 2

Watter struikelblokke het die groei en ontwikkeling van stabiele, demokratiese vorme van regerings in post-onafhanklike Afrika beinvloed?

Bron 2A

Die volgende aangepasde uittreksel uit 'n artikel deur Ian Taylor, (Februarie i, 2004) dui aan hoe korrupsie regerings in post-koloniale Afrika beinvloed het.

Na onafhanklikheid-wording, het die nuwe Afrikaanse politieke leiers 'n staat geêrf wat nie ten volle demokraties was nie. Hulle was ook nie opgelei of het geen ondervinding gehad hoe om 'n land te regeer nie. Die meeste Europese regerings-amptenare het uit die kolonies pad gegee en na Europa teruggekeer.

Dit was dus onder sulke toestande dat die Afrika-leiers probeer het om hul gesag af te dwing. In die post-koloniale era, het sommige Afrika leiers hulself voorgegee asof hulle persoonlik verantwoordlik was vir die bevryding van die land.

Die aanvanklike tendens was om 'n groter rol vir die staat in die meeste akpekte van van die ekonomie te gee. Industrialisasie en die gebruik van plaaslike ekonomiese praktyke was die wyse waardeur ekonomiese ontwikkeling sou plaasvind. Die staat was die middel waardeur hierdie twee oogmerke bereik kon word; hoofsaaklik deur nasionalisering.

Die politieke elite (leiers) het egter die hulpbronne van die staat as 'n middel gebruik om politieke steun te werf. Deur middel van die staat, het die hoë amptenare 'n reeks staats hulpbronne gebruik vir politieke voordeel, sowel as vir persoonlike gewin. Sulke korrupte praktyke het 'n groep persone geskep wat invloedryk was en afhanklik geword het van geskenke van geld van politieke leiers. Hierdie amptenare het op hul beurt politieke steun aan die elite verskaf en hulle gehelp om die mense te beheer.

Bron: www.fpif.org

Bron 2B

Hierdie uittrekse uit 'n artikel deur Prof. Ebere Onwudiwe, verduidelik waarom demokratiese regerings in post-koloniale Afrika misluk het.

Die eerste pogings om demokrasie in post-koloniale Afrika te beoefen, het hopeloos misluk. Alhoewel buitelandse betrokkenheid in Afrika se huishoudelike sake tydens die Koue Oorlog 'n hoof rede hiervoor was, het baie Afrika leiers nou besef dat die institusione raamwerk (bestaande of nuwe politieke liggame en stelsels) vir demokrasie in post-koloniale Afrika, baie swak was.

Dink, byvoorbeeld aan die gedrag van politieke partye in baie Afrika lande onmiddellik na kolonisasie. Ons vergeet maklik dat na onafhanklikheid-wording, het baie Afrika politici die outoritêre praktyke van die koloniste na ge-aap.- 'n agtergrond wat nie politieke opposisie geduld het nie. Van hierdie politici was verwag om deur 'n stelsel van parlementêre demokrasie te regeer waar daar 'n vrye opposisie moes wees. Die gevolg was 'n bose regering (regime) van millitêre staatsgrepe wat die bekende koloniale styl van outoritêre regerings terug gebring het en wat politieke verskille verbied het. Vandag is die situasie radikaal verskillend. Opposisie politiek vind nou 'n meer simpatieke klimaat op die kontinent. Belangrike oorname van mag van regerende tot opposisie partye het in Zambië, Malawi, en onlangs in Ghana plaasgevind.

Baie Afrika state het nou die stap geneem om miliêre staatsgrepe in hul grondwet te verbied. Sommige het ook die grondwet verander om die invloed van etniese redes vir militêre staatsgrepe te verminder.

Afrika se welbekende politieke probleme bly egter nog bestaan: insluitende onstabiliteit, outoritêre regerings (regerings waar die leier absolute mag het), nepotisme (die praktyk om posisies vir familie of vriende te gee), patrimonisme (om die hulpbronne van die staat te gebruik vir politieke gewin), prebendalisme (die reg om staatsgeld te gebruik), en wydverspeide korrupsie. Maar hierdie probleme bestaan ook in ander politieke gemeenskappe regoor die wêreld. Meer belangriker is dat dit nie die volle of enigste storie oor politiek in Afrika is nie Vir elke mislukte politieke storie in Afrika, is daar egter ook stories van heldhaftigheid (courage) en kreatiewe politieke vooruitgang, wat onder toestande geskied wat diegene wat in omtwikkelde demokrasië bly,hulle hul nie eers kan verbeel nie.

Bron**:** http://www.utexas.edu

Bron 2C

Kinders speel bo-op die gevalle standbeeld van Kwame Nkrumah, die eerste president van Ghana, wat nie in die land was toe 'n militêre oorname in 1966 plaasvind nie. Hy was daarvan beskuldig dat hy 'n diktatorskap in Ghana in plek wou stel. In 1964 het hy 'n eenpartystaat gevorm, met himself as president vir lewe, en was daarvan beskuldig dat hy daarna strewe om 'n kultus van sy eie persoonlikheid wou bevorder.

Bron: Meredith. *The State of Africa*

Vraag 3

Hoe het die strategieë van die Vryheidsbeweging in die Suide van Amerika verskil van die stede van die industriële noorde?

Bron 3A

Die bron verduidelik die verskillende idees en strategië binne die Burgerregte-beweging in die VSA in die 1960's

Segregasioniste and integrasioniste het gesamentlik binne die burgerregte-beweging bestaan. Die integrasioniste se ideal was dat die swartes sowel as die wittes saam moet woon, werk en studeer. Die regering se beleid om die doel te bereik, sluit die volgende in; skool vervoer, regstellende aksie in openbare skole en werksplekke, verpligte integrasie van openbare behuising en wetgewing wat diskrimineer ten opsigte van behuising en werk.

Segregasioniste in die middel-60's; nadat die integrasioniste se ideal hul hoogte punt bereik het, het die swartmagbeweging van die burgerregte beweging gegroei deur swart self-beskikkingsreg – die stigting van skole uitsluitlik vir swartes en 'n self-onderhoudende swart ekonomie, te bepleit.

Source: http://www.slate.com

Bron 3B

In die uittrekse hieronder, verwys Elke Moritz na die verskillende strategieë van Martin Luther King Jr. en Malcolm X. Alhoewel baie mense onder die indruk was dat hul idees en doelstellings van mekaar verskil het, het hulle inteendeel, gemeenskaplike begeertes gehad.

Martin Luther King Jr. en Malcolm X, was albei gerespekteerde kerkleiers en gevestigde leiers van die Afro-Amerikaanse bevolking. Uit die gesigspunt van baie blanke mense was hierdie twee soos "olie en water". Alhoewel hulle hul verskille gehad het, het hulle dieselfde doelstellings gehad: Hulle wou 'n einde maak aan uitbuiting, diskriminasie en rassisme. Beide was grotendeels beïnvloed deur hul vaders, veral in hul godsdiens en optrede teenoor blankes.

Hy het geëis dat geregtigheid moet seevier en dat Afro-Amerikaanse mense gerespekteer moet word as deel van die menslike bevolking. Dus moet swartmense eers die kuns aanleer om hulself lief te het om sodoende hul self-bewustheid op te bou.
Martin moes magtigheid voorstaan, omdat die vryheidsbeweging finansieel ondersteun was deur verskeie blankes.

Malcolm het nie net hierdie finansiële afhanklikheid gekritiseer nie, maar ook die strewe na die integrasie in die hoofstroom Amerikaanse samelewing: "*Enige swartman wat probeer integreer is in der waarheid besig om sy minderwaardigheid te erken, want hy gee daarmee erkenning dat hy deel wil word van 'n sogenaamde meerdewaardigheid samelewing."* Hy wou hê dat swartmense hulself moes liefhê om sodoende te verenig en hul eie gemeenskap te beheer. Hy het geweet dat as hulle nie die blankes se sienswyse jeus die swartman kon verander nie, hulle eers tot self-insig moes kom en ophou om hulself as minder teag. Iin sy laaste jare het Martin met Malcolm saamgestem op hierdie punt.

Alhoewel hy ferm daarin geglo het, dat die vryheidsbeweging kon deurdring tot die blankes deur aanspraak te maak op hul sin vir geregtigheid. Dit kon hulle bereik deur vreedsame protes-optogte. Hy was dus gekant teen die idee van self-verdediging. Martin het besef dat Afro-Amerikaners nie die Amerikaanse droom leef nie, maar 'n Amerikaanse nagmerrie. Malcolm het die nagmerrie beleef en het dus altyd kaalkop die waarheid gepraat as hy met Amerika gepraat het. Sy slagspreuk was: "Die doel heilig die middele" en hy was selfs bereid om met sy lewe te boet vir sy mense en sy beginsels

Bron: Elke Moritz, Two Roads to Freedom

Bron 3C

Hierdie uittreksel verduidelik die filosofie en strategie van die 'Black Panthers,' 'n radikale vryheidsbeweging in die Verenigde State gedurende die 1960's.

Die "Black Panthers" is in 1966 in Kalifornië gevorm en hulle het 'n kort, dog belangrike rol gespeel in die vryheidsbewegimg. Die "Black Panthers" het geglo dat die vreedsame veldtog van Martin Luther King misluk het en dat enige veranderinge in lewenswyse via die tradsionele vryheids bewegings, te lank sou neem om geimplementeer te word of sou aan die ander kant eenvoudig net nie geimplementeer wou word nie.
Die taal van die "Black Panthers" was gewelddadig en hul publieke houding was dieselfde. Die twee stamvaders van die Black Panther Party was Huey Percy Newton en Bobby Seale. Hulle het 'n "revolusionêre oorlog" voorgestaan, en alhoewel hulle hulself beskou het as 'n Afro-Amerikaanse party, was hulle gewillig om namens ander onderdrukkers ook te praat. Hulle was bereid om aggressie te gebruik om hul doel te bereik.

Die "Black Panthers" (BPP) het vier doelstellings gehad: gelykheid in opvoedingsgeleenthede, behuising, werkverskaffing en menseregte.

Om die BPP as 'n suiwer rewolusionêre en geweldadige te beskou, sou 'n wanopvatting wees. In gebiede waar hulle ondersteuning geniet het, het die BPP 'n voedselprogram geloods om die te voed wat nie kan bekostig om hulself te voed nie. Gratis mediese sorg is ook geimplimenteer in klinieke waar in mense se basiese gesonheidsbehoeftes voorsien is. Ook is 'n jeugorkes gestig om gemeenskapstrots op te bou.

In 'n boek van sy essays getiteld "To Die for the People", sê Huey Newton dit is presies wat die Afro-Amerikaanse gemeenskap wou hê en dat die BPP net besig was om aan die behoeftes van die gemeenskap te voorsien: -iets wat die regering verseg (nagelaat) het om te doen. Sulke gemeenskaps projekte het verskillende fasades aangeneem en het oorleef, maar na die afsterf van die BPP het baie hul dryfkrag verloor.

Source: www.ask.com

Bron 3D

Hierdie is 'n foto van Huey Percy Newton, een van die leiers van die Black Panther – beweging. Die Amerikaanse Intelligensie diens (FBI) het Newton en sy samesweerdes in die Black Panther – beweging uitgewys as die Aartsvyand van die Publiek.

Bron: www.ask.com

Vraag 4

Hoe het die Swart Bewussynsbeweging in Suid-Afrika die veggees van die onderdruktes in die laat 1960's weer laat opvlam en watter erfenis het hulle nagelaat?

Bron 4A

In die volgende uittreksel verduidelik Hilda Berstein Steve Biko se teorie van ras, wat dikwels verkeerdelik geinterpreteer word.

"…...Terwyl die wit liberaal identifiseer met die swartes, word die las van die enorme voordele wat hy steeds van gebruik maak en geniet, ligter. Nogtans, in die agterkamers van sy bewustheid is 'n konstante herinnering dat hy steeds gemaklik is met dinge soos dit tans is, en moet homself dus nie kwel oor veranderinge nie."

Die tesis van wit rassisme, volgens Biko, kan net een aanvaarbare anti-tesis hê: 'n hegte swart eenheid om die skale te balanseer. "As Suid-Afrika streef om ''n land te wees waar swart en wit in harmonie lewe, sonder vrees van groep uitbuiting, kan dit slegs gebeur wanneer hierdie twee teenoorgesteldes invleg en met 'n werkbare sintese (samekoms) van idees en modus vivendi (program van optrede) na vore kan kom. Ons kan nooit enige stryd laat voortgaan sonder om 'n sterk teen-aanval te loods teen die wit rassisme waardeur ons samelewing deurdrenk is nie…."

Bron: Hilda Bernstein, *Steve Biko*

Bron 4 B

In die volgende uittreksel verduidelik Jonathan Jansen in 'n artikel getiteld: " Racial boxes keep us trapped", hoe die idees van die Swart Bewussynsbeweging sy lewe verander het.

Die 30ste herdenking van die dood van die groot denker en strateeg, Steve Biko, kom nader, en ek onthou hoe hy my lewe as 'n tiener, desperaat om 'n taal en identiteit te vind waardeur ek uiting kon gee aan my gevoelens van landeloosheid en vernedering gedurende die apartheidsjare. Ek het alles omtrent "blank" gehaat.: wat dit aan my ouers gedoen het toe hulle moes kniel voor middestad madams, en wat dit aan my bure gedoen het, mense wat gedwonge verskuiwings moes verduur uit hul geintegreerde woonbuurte, wat nou "blank" verklaar was. Maar grotendeels het ek dit gehaat wat ander mense my genoem het: "Kleurling".

Biko se sienswyse dat swartheid nie net as 'n onderdrukkende identiteit, maar ook as 'n opbouende identiteit, kon duidelik gesien word in die populariteit van Afro – haarstyle onder my swart vriende, en die onmiddellike aanval op enige lokasie-bewoners wat gewaag het om na hulself te verwys as "Kleurling, "Indiër" of "Xhosa".

In een beweging het die swart identiteit nie net 'n wyse geword om onderdruktes te organiseer op die basis van gemeenskaplike ervaring nie, maar het ook begin wegpik aan die sogenaamde waarhede wat apartheid toegeken het aan sekere etniese benaminge.

Destyds het die nie-rassige standpunt van kongres-politiek nie vir my sin gemaak nie ; " Swart man jy is op jou eie" het baie meer betekenis gehad. Ek is ewig dankbaar aan Biko en sy beweging vir die selfvertroue en selfrespek wat swart bewustheid in my losgemaak het, en vanaf hierdie basis het ek baie meer gereed gevoel om terug te veg teen wit rassisme.

Bron: The Times, Aug 23, 2007

Bron 4 C

'n Plakkaat van Steve Biko, leier en stigter van die Swart Bewussyns-beweging. Hierop verskyn een van die kern / sentrale idees van die organisasie.



Bron: www.profile.myspace.com